06

JAARGANG 23 | 9 MEI 2025

# VRY POS

MOEDERSDAG

LOER | LEES | LUISTER | LEER

NG Kerk Vrystaat



Celicia McLean

# REDAKTEUR

## BYDRAES EN NAVRAE

voor 12:00 Dinsdae na
**cmclean@ngkvs.co.za**

***Lig in die duisternis,***
*hier vir God, mekaar en die wêreld*

## FOTO'S

Canva | Unsplash | Flickr | Pexels
Pixton | *Tensy anders vermeld*

## ARTIKELSKRYWERS

Gideon van der Watt | Moderamen
Mariëtte Odendaal | Andries Gous | Enrico Casaleggio | Ethan Kleynhans | Henco van der Westhiuzen | Martin Schwella | Leon M Foot | Lyzette Hoffman | Adrie Potgieter
*Kerkbode* | *Bybel-Media* | *CLF* | *TOIBO* | *Engo Bybelgenootskap SA* | *VrydagNuus, Kaapkerk*

## MOEDERSDAG

**'n Ode aan alle moeders op Moedersdag**

Moedersdag is die een dag van die jaar om hierdie stil heldinne in ons lewens te vier en te bederf. Moedersdag word gewoonlik in Suid-Afrika op die tweede Sondag in Mei gevier, wat vanjaar op 11 Mei val.

Moedersdag bied ons die geleentheid om aan ons ma's te wys hoeveel ons hulle waardeer. Die hoofdoel van Moedersdag is om kwaliteit-tyd met jou ma te spandeer.

*Oorgeneem uit Akademia MSW, deur Anien van Niekerk, joernalis by die Fontiepos*

## DAGBOEK DÍT

**PREDIKANTE STILWORDKANS**
"'n Fluistering in die windstilte"
*1 Konings 19*
**10 - 12 Junie | Amanzi | R500 p/p**

## VOLGENDE VRYPOS

Die volgende uitgawe van *VRYPOS* verskyn op **Vrydag 23 Mei**.

Kyk gerus na ons **webblad-kalender** vir belangrike datums.

# INHOUD


## VRYPOS-FOKUS 03

VISIONERING
**Gideon van der Watt** | *"Ons is hier" – ons roeping ná 160 jaar*

## ARTIKELS 04

06 | VISIONERING
**Moderamen** | *Wat is 'n teologies-kategoriale ring?*

07 | DIENS VAN BARMHARTIGHEID
**Mariëtte Odendaal** | *Jagersfontein Slikdamramp: Fonds bevoordeel hele gemeenskap*

09 | VENNOTE IN GETUIENIS
**Andries Gous** | *DEGNOS-dinge*

10 | VENNOTE IN GETUIENIS
**Islam Getuienisaksie: Enrico Casaleggio** | *Ontbrekende verse in die Koran*

11 | TEOLOGIESE OPLEIDING
**Ethan Kleynhans** | *Waar is U, Here?*

13 | ALGEMEEN
**Mariëtte Odendaal** | *Moedersdag*

14 | ALGEMEEN
**Mariëtte Odendaal** | *Ons Sinodale Kantoor onthou*

19 | BEDIENINGSBEGELEIDING
**Digitale Bediening Netwerk** | *JST - Journal of Systematic Theology*

## BLÊR-REEKS 2 15

**Die Verlore Skapie (12 stories)** | *6. Dink voor jy Mê!*

## MEDIATEEK 17

**BOEK EN INVENTARIS**
**Leon M Foot** | *Pieter van Jaarsveld: Dink jouself gelukkig. Verander jou denke. Verander jou lewe.*

## UIT DIE FAKULTEIT 20

**UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT**
**Lyzette Hoffman** | *Digitale Bediening: Teologie, toeganklik vir almal*

## VERJAARSDAE 21

## EKOLOGIE 22

**Wêreld- trekvoëldag** | *Beskerm ons migrerende voëls - 10 Mei*

## AKTUEEL | ALGEMEEN 23

24 | **Receiving Nicea** | *19 - 21 May, Programme*
24 | **Pinksterreeks 2025** | *Nagedink oor Nicea*
25 | Advertensies

## OPLEIDING 27

## KERKBODE BROKKIES 29
## PUBLIKASIES 30

## WAT'S NUUS? 31
## KALENDER
## VAKATURES/AFLOSLYS
## PREDIKANTENUUS

## 'N LAASTE GEDAGTE 32

**Adrie Potgieter** | *Onthou om te onthou ...*

## KONTAK ONS 33


ngkerkvrystaat.co.za




# "Ons is hier" – *ons roeping ná 160 jaar*

Foto: Canva



**VISIONERING**
*Dr Gideon van der Watt*

Hoe het die Vrystaatse NG Kerk se roepingsverstaan oor die jare ontwikkel? Het ons vandag 'n helder en samebindende visie wat ons kerk-wees rig? Dit is gepas om by die 160-jarige viering van ons kerkverband weer daaroor te besin.

## Roepingsverstaan in die beginjare

In 1865, op die heel eerste sinodesitting van die Vrystaatse NG Kerk, is die kerk se identiteit kort en klinkklaar verwoord: 'n belydeniskerk, gebou op die kerkorde-tradisie van Dordt (1618-19) en die "formuliere van Eenigheid ... ooreenkomstig met Gods Woord". Die kerk se roeping word ook helder uitgespel: "De zorg van de belangen, zoo van het Christendom in het algemeen, als van de Gereformeerde Kerk in het bijzonder, de handhawing van harer leer, de vermeerdering van Godsdienstige kennis, de bevordering van Christelijke zeden, de bewaren van orden en eedracht en de aankweking van onderdanigheid aan owerheid en wetten ..." Dis duidelik, die kerk se roeping moes relevant vir die "hier" wees – die plek en tyd waarbinne die kerk destyds geroep is. Daarom bestaan die kerk nie net ter wille van haar eie belang nie, maar het 'n groter roeping gerig op die uitbreiding van die koninkryk van God, of, in die woorde van daardie tyd, die "vermeerdering van Godsdienstige kennis". In die wilde en wettelose pioniersdae van die Trans-Gariep was sake soos Christelike sedes, orde en wetsgehoorsaamheid van groot belang. En veral dat Christene en gemeentes die "leer" sal handhaaf en mekaar eendragtig sal vashou. Daartoe is die Vrystaatse kerk van die begin af geroep!

## Fakkeldraers – *Lig in die duisternis*

Reeds in 1877 het die kerk pogings aangewend om 'n eie kerkblad uit te gee en te versprei: *De Fakkel*. Hierdie beeld het bly vassteek. Die fakkel sou mettertyd al hoe sterker uitdrukking gee aan die kerk se identiteit en roeping as ligdraers in 'n donker wêreld, ook oor grense van klas en ras ...

**Lees** meer »

NG Kerk Vrystaat

# 160 JAAR VAN LIG IN DUISTERNIS



## GEES | RUS | LEEF

Esegiël 37:14

Kyk uit vir die **preeksketse en liturgiese voorstelle van Esegiël 37:14** wat binnekort voorsien sal word.



# Predikante Stilwordkans




*'n fluistering in die windstilte*

1 Konings 19

## Boodskapdraers

| Adrie Potgieter
| Tom Smith
| Ina Gouws
| Willie Nel
| Cobus van Coller
| Gideon van der Watt
| Marelé Venter
| Louwrens Scheepers
| Hanneke Lubbe
| Mzwandile Molo
| Sanré Benade
| Schalk van Heerden

## Kampvuurkuier

| Christof van den Berg
| Frank Opperman (Reünie)

## Rekreasie-keuses

| Boogskiet
| *Birdwatching*
| *Drumming*
| Kort staproete
| Vlieghengel
| Wildbesigtingsritte

## 10-12 Junie 2025

Registrasies sluit **23 Mei 2025** om **12:00**

NG Kerk Vrystaat

Amanzi PRIVATE GAME RESERVE

R500 *per persoon*

Inskrywingsfooi sluit **verblyf, etes, vermaak** en **rekreasie** in.

Navrae | daf@ngkvs.co.za | 051 406 6700

**Registreer hier** | https://www.ngkerkvrystaat.co.za/predikante-stilwordkans-2025/

VISIONERING
*Moderamen*

# Wat is 'n teologies-kategoriale ring?

Tydens die vergadering van die Moderamen van die NG Kerk Vrystaat op 10 Maart 2025 is die stigting van 'n **teologies-kategoriale ring** in beginsel goedgekeur. Die besluit van die Moderamen hieronder verduidelik die agtergrond en die proses:




Die Moderamen

1. bevestig dat daar van drie gemeentes 'n amptelike, skriftelike versoek ontvang is om by 'n moontlike teologies-kategoriale ring in die NG Kerk Vrystaat in te skakel;

2. besluit dat daar voortgegaan word om hierdie drie gemeentes by te staan in die byeenroep en konstituering van 'n teologies-kategoriale ring waarin hulle hulself geestelik sou kon tuisvind, binne die NG Kerk Vrystaat en ingevolge alle bepalinge van die Kerkorde oor ringe (Artikels 29 tot 31);

3. besluit dat die byeenroep, samestelling en konstituering van so 'n teologies-kategoriale ring, aan die hand van die prinsipiële en praktiese advies van die STK sal geskied, naamlik –

3.1 dat geeneen van die bestaande vyftien geografies-saamgestelde ringe in die NG Kerk Vrystaat nou in 'n teologies-kategoriale ring verander nie, maar dat 'n nuwe ring vir dié doel byeengeroep en gekonstitueer word;

3.2 dat gemeentes wat by so 'n teologies-kategoriale ring (wil) inskakel en die ring self, hulself teologies sal identifiseer of definieer, ten einde duidelik te stel waarom en hoe hulle van ander geografies-saamgestelde ringe onderskei wil word;

3.3 dat die inskakeling van 'n gemeente by so 'n nuwe teologies-kategoriale ring, volledig is (dus kan 'n gemeente nie tegelykertyd met amptelike verteenwoordiging aan twee ringe behoort nie) en dat die gemeente dus in hul nuwe ring in die amptelike werksaamhede van 'n ring soos in Artikel 31 beskryf (31.1, 2, 3, 5, 8, 9, 10 en 11) deel, maar dat sake van 'n meer "gemeenskaplike roeping en gesamentlike werksaamhede" (31.4, 6 en 7) nog in oorleg met die oorspronklike geografiese ring bespreek en onderneem/voortgesit kan word;

3.4 dat dieselfde riglyne wat geld vir die hantering van 'n gemeente wat by 'n ander sinode as hul eie wil inskakel (Kerkorde Artikel 32 ens.), ook in die geval van gemeentes wat by so 'n teologies-kategoriale ring wil inskakel, gevolg sal word, naamlik: ...

**Lees** meer »

# Jagersfontein *Slikdamramp*

## *Fonds bevoordeel hele gemeenskap*

**DIENS VAN BARMHARTIGHEID**
Noodhulpfonds
*Mariëtte Odendaal*

**Volgens ds De la Harpe le Roux, uitvoerende amptenaar van die NG Kerk Vrystaat se Diens van Barmhartigheid, het Jagersfontein as gemeente met die R300 000 wat van die Noodhulpfonds oorgebly het ná die slikdamramp, besonder innoverend gewoeker tot voordeel van hul héle gemeenskap; nie net dié van die NG Kerk nie.**

Dit is nou twee jaar en agt maande sedert daardie rampspoedige Sondag, 11 September 2022, toe die slikdamwal van die Jagersfonteinmyn gebreek en 'n digte grys stroom myn-slik deur gedeeltes van die dorp gestroom en enorme verwoesting gesaai het. In die woonbuurte Charlesville en Itumeleng is 164 huise óf geheel verwoes, óf so erg beskadig dat dit onwaarskynlik is dat dit ooit herstel sal kan word.

Regoor Suid-Afrika was die reaksie op dié tragedie aanvanklik oorweldigend. Hulp en bystand het van regoor die land ingestroom — van individue en gemeenskappe tot barmhartigheidsorganisasies. Alhoewel dit hartroerend was, het dit ook sekere uitdagings meegebring. Daarom het die NG Kerk Vrystaat van meet af aan besluit om hul bystand te kanaliseer deur die NG Gemeente Jagersfontein met die ondersteuning van plaaslike gemeenskapsleiers.



***Foto**: Een van die Jagersfontein-projekte: Brandweertoerusting (verskaf)*

**Lees** meer »



***Foto**: Jagersfontein (verskaf)*

**DOEN JY ADMINISTRASIE?** **HIERDIE IS VIR JOU!**

**ALLE** SKRIBAS | GEMEENTEBESTUURDERS | KERKKANTOORPERSONEEL
**NUWE PERSONEEL**

# SKRIBA OPLEIDING 2



## TERTIUS BOTHA

Fasiliteerder

NG Kerk Vrystaat

**’n Opvolgkursus waar ons kyk na wat alles na die Argief gestuur moet word en hoe om daardie inligting te verwerk en deur te gee.** Ons kyk ook oorsigtelik na die werksaamhede van die Sinodale kantoor, die POPI-wetgewing, die opstel van agendas en skryf van notules en die Bydraes vir Gesamentlike Werksaamhede.

## 21 MEI • R150

**Sinodale Kantoor | 09:00**

Van Heerdenweg 20, Wilgehof, Bloemfontein 9301

**VIR MEER INLIGTING** (051) 406 6700 tbotha@ngkvs.co.za

# DEGNOS-dinge

**VENNOTE IN GETUIENIS**
DEGNOS
*Andries Gous*

Liewe vriende van DEGNOS

## Rus

Die hele DEGNOS-span het kans gehad om die week ná Paasnaweek bietjie te rus. Ons is nou weer sterk op dreef.

## Jeugkamp op Mkata

Riana en haar span is volstoom aan die gang met 'n groot Jeugkamp op Mkata waar daar 110 tieners uit die Luhebu Noord-gemeente bymekaar is. Baie dankie aan mnr Chris van !Ai, Primary School, wat vir ons die fasiliteite beskikbaar stel vir die kamp. Dankie ook aan Trudie en Roderick van CEF wat vir ons die kamp begelei saam met 'n hele groep vrywilligers van die gemeente wat optree as leiers van die groepe en help met die kosmaak.

*Bid asseblief vir die kampgangers vir 'n ontmoeting met ons Here en vir al die aktiwiteite op die kamp. Bid ook asseblief vir die beskerming van elkeen op die kamp teen die Bose.*

## Aucamp-familie kuier by ons vir opleiding

Ds Johannes Aucamp en sy familie kuier by ons vir die volgende drie maande waar Johannes sal help met die opleiding van die geestelike leiers van die 45 habitatte van die Tsumkwe-gemeente.

Jesaja, ons drywer van Mangetti-duin, sal die mense aanry na Tsumkwe vir die opleiding. Hierdie gedeelte is die grootste uitdaging. Die veld is nog baie nat ná die goeie reënseisoen en baie van die *villages* is moeilik bereikbaar.



***Foto**: Tydens elke jeugkamp kom daar ook honger kinders wat nie deel is van die kamp nie, om iets te kom eet. Ruth en Maria help om die honger lyfies kos te gee (verskaf)*



***Foto**: Trudie en Roderick - twee sendelinge van Child Evangelism Fellowship wat 'n verskil maak in kinders se lewens (verskaf)*

**Lees** meer »

# iSLAM

## Ontbrekende verse in die Koran

Aisha, Mohammad se kinderbruid, het vertel dat individuele verse van die Koran ook verdwyn het[1]. Soms het dit op baie interessante maniere gebeur. In Sunan ibn Majah 1944 word weergegee dat Aisha gesê het:

"Daar was 'n vers oor steniging en dat 'n volwassene tien keer geborsvoed kon word. Die papier was by my onder my kussing. Toe die boodskapper van Allah gesterf het, is ons gedagtes so in beslag geneem deur sy dood dat 'n mak skaap ingekom het en die teks geëet het."

Die verse oor die steniging van egbrekers en die borsvoed van volwassenes is nie vandag in die Koran nie. Hoekom nie? Dit blyk dat Aisha die enigste weergawe van hierdie verse gehad het, en haar skaap het dit geëet. Interessant genoeg het die Koran wat deur Moslems voorgedra is ten tyde van Mohammed se dood nie net een nie, maar selfs twee verse bevat oor die borsvoeding van 'n volwassene. Albei was op daardie stadium steeds deel van die Koran.

Moslems wat glo dat die Koran perfek behoue gebly het, moet verbaas wees om te verneem dat die Koran wat hulle vandag het, nie een van hierdie "borsvoed" verse bevat nie.

Aangesien hele hoofstukke, groot gedeeltes van hoofstukke en individuele verse van die Koran verlore gegaan het, behoort dit geen verrassing te wees dat kort frases ook uitgelaat is nie. Kom ons kyk na 'n enkele voorbeeld:

Surah 33:6 verklaar: *"Die profeet is nader aan die gelowiges as hulle eie ek, en sy vrouens is hulle moeders."*

Vroeë Moslems het gemeen dat 'n spesifieke frase ("en hy is 'n vader van hulle") in hierdie vers ontbreek. Selfs die groot vertaler Yusuf Ali erken dit in sy kommentaar. Dit blyk dus dat Moslems met 'n onvolledige vers gelaat is.

Dit is uit bostaande duidelik dat die Koran oor die jare aansienlik verander het. Die bewyse toon dat hele hoofstukke verlore gegaan het, dat groot dele van sommige hoofstukke ontbreek, dat individuele verse sowel as frases uitgelaat is. Mohammed se beste onderwysers en voorlesers kon nie eers saamstem oor watter hoofstukke veronderstel was om in die Koran te wees nie.

**Lees** meer »

[1] *Inligting vir hierdie artikel kom meestal uit* ***David Wood*** *se publikasie Christian Essential Series: The History of the Quran, wat in 2020 deur Ad Luceum uitgegee is.*

Hierdie reeks Islam-artikels het 'n eiesoortige aanslag. Hier is nog 'n artikel in die reeks oor apologetiese gesprekke met Islam. Hierdie artikel handel oor verse wat in vroeëre weergawes van die Koran voorgekom het, maar nou ontbreek. Die punt is maar net weer eens dat daar geen "oorspronklike Koran" bestaan soos Moslems beweer nie.

# Waar is U, Here?

**ALGEMEEN**
Teologiese Opleiding
*Ethan Kleynhans*

*'n Fiktiewe korrespondensie tussen twee studente wat handel oor die alledaagse geestelike vrese van studente.*

## BRIEF 1
## Luan aan Karla

Liewe Karla

Ek hoop daar skyn vandag 'n sonstraal op jou studeertafel by die koshuis. Ek weet dis al weer eksamentyd, maar ek moes eenvoudig vir jou skryf. Ek het nie meer woorde vir gebed nie – dalk net 'n laaste asem ... en jy.

Ek voel leeg. Afgesny. Nie net van mense nie, maar ook van God. Ek weet Hy ís daar – ek glo dit met my kop – maar my hart wil nie meer saam glo nie. Dit voel asof ek Hom roep, maar my eie stem weerkaats net teen die mure.

En intussen probeer ek aanhou: klas toe gaan, take klaarmaak, en – ironies genoeg – werk aan my "Geestelike vorming"-opdrag. Maar hoe vorm jy geloof as alles rondom jou skree: doen meer, wees beter, wys resultate?

Ek weet ek móét tyd maak vir gebed, Skrifstudie en kerkbywoning. Maar my foon gons. My kop raas. Ek sit in die kerk en wonder of ek die regte kursus gekies het ... of hoekom ek so alleen voel tussen mense wat God só maklik aanhaal – asof Hy vir húlle altyd praat.

Karla ... ek weet nie meer hoe om te bid nie. Wat maak jy as God stil is en jy skree in jou kop?

Met moedelose groete, Luan

## BRIEF 2
## Karla aan Luan

Liewe Luan

Ek het jou brief gelees, snoesig onder my kombers met 'n beker rooibostee – en ek het stil geraak. Want ek het ook al só gevoel: verlate, afgesny, kwaad ... Dis vreemd, nè? Om kwaad te wees vir Iemand wat jy tog liefhet.

Eerstens wil ek net sê: jy is nie alleen nie. Jy is ook nie gebreek omdat jy stoei nie – jy is juis mens. En ek dink dis juis in daardie stoei waar God ons nader trek. Nie met groot gebare nie, maar – soos by Elia op die berg – in die fluistering (1 Konings 19:11–13).

Ek wonder of jy dalk te hard probeer hóór? Miskien vra God nie nog iets wat jy moet doen nie. Miskien vra Hy net dat jy moet wees. Net sit. Net asemhaal. Net sê: "Ek's hier." En dit is genoeg.

**Lees** meer »

# WAT SÊ DIE BYBEL OOR *Moeders*



Sy moet geëer word.

*Eksodus 20:12*



Sy kyk goed na haar huis.

*Spreuke 31:27*



Krag & waardigheid is haar kleding.

*Spreuke 31:25*



Sy is nie vergete nie.

*Jesaja 49:15*



Haar geloof laat 'n nalatenskap agter.

*2 Timoteus 1:5*



Die Here troos soos 'n moeder haar kind troos.

*Jesaja 66:13*



Haar kinders prys haar, haar man bewonder haar.

*Spreuke 31:28*



Sy moet haar kinders ywerig onderrig.

*Deuteronomium 6:6*

@DEVOTED MOTHERHOOD

# Moedersdag

ALGEMEEN
*Mariëtte Odendaal*

Op **Sondag 11 Mei vier ons Moedersdag**, die dag waarop jy kan stilstaan en net weer aan jou ma kan hulde bring of, as jy nog so bevoorreg is, haar kan nooi vir ete, blomme kan stuur of sommer net bel en dankie sê vir dit wat sy in jou lewe beteken het.



Hulle sê dat daar dikwels in oorloë gehoor word hoe soldate wat in doodsangs verkeer of sterwend is, instinktief na hul ma roep. Ek onthou ook dat toe ek 'n kind was en ek van 'n nagmerrie sou wakkerskrik, ek instinktief na my ma sou roep – dit sou egter my pa wees wat die gang afloop en kom troos; Ma was te uitgeput van die dag se boervrouwerk en ma-wees van vier kinders in ses jaar se tyd.



Vandag is ek al 66 en my ma byna 91, maar steeds sal ek haar eerste bel as ek goeie nuus het om te vertel of iets hartseers wil deel. Sy is, soos Antjie Krog se ma, my "moesie-oor". En sy hou jou woorde in haar hart. Jy weet dis veilig daar by haar.

Die ma's en oumas in ons lewens is meestal die mense wat die ruimtes waarin ons grootword 'n beter plek help maak. Die filosoof Marthinus Versveld het geskryf dat die stoof in 'n huis soos 'n altaar is. Dis die plek waar jou ma haar liefde aan haar gesin van dag tot dag offer. Ek onthou die lekker boerekos op ons geelhouttafel in die gesellige kombuis waarheen menige boerdery-agent smiddae genooi is om saam met ons te eet. Jy kon haar liefde vir kosmaak, én vir ons, proe.

**Lees** meer »



NG Kerk Vrystaat

**ALGEMEEN**
*Mariëtte Odendaal*

# Ons *Sinodale Kantoor* onthou

*"As dit nie vir 'n sterk en gesonde ruggraat is nie, sal jy maar moeilik oor die weg kom – vra maar vir enigeen wat al met rugprobleme gesukkel het. "So is ons sinodale kantoor in der waarheid die ruggraat van die NG Kerk Vrystaat se administratiewe en finansiële bestuur; 'n onontbeerlike deel van praktiese kerkwees."*

*Die eerste twee artikels in 'n reeks van vyf oor die afgelope meer as dertig jaar se vyf saakgelastigdes, deesdae bekend as direkteur van administrasie en finansies, het in die vorige twee uitgawes van Vrypos verskyn. Ons het toe gesels oor die sinodale kantoordae van eerstens Piet Coetzer en tweedens Hennie van der Walt. In hierdie uitgawe gesels ons met Hennie se opvolger, André Esterhuizen.*

*Die volgende twee uitgawes se artikels sal gaan oor Hennie de Lange en die huidige direkteur van administrasie en finansies, Adriaan de Ruiter.*

**André, jy het vanaf 1 November 1979 in die sinodale kantoor begin werk en op 1 Januarie 2010 vir Hennie van der Walt as saakgelastigde opgevolg waar jy tot einde Desember 2014 gewerk het.**

**Vertel ons egter eers meer oor jouself voordat ons oor jou jare by die sinodale kantoor gesels.**

"Ek is op 'n koue wintersoggend in Junie op Odendaalsrus op die Vrystaatse Goudvelde gebore waar ek aan die Laerskool Odensia en Hoërskool Wessel Maree my skoolloopbaan voltooi het. "As gevolg van 'n sportbesering kon ek ongelukkig nie dadelik ná skool verder gaan studeer nie en het na my militêre diensplig by die Landdroskantoor op Odendaalsrus begin werk.

"Drie jaar later het ek by die Saambou Nasionale Bouvereniging op Welkom begin werk, vanwaar ek eers na Kroonstad en daarna as rekenmeester na Parys verplaas is. Ek het daar gewerk totdat ek in 1979 by die personeel van die NG Kerk Vrystaat se sinodale kantoor aangesluit het. In daardie tyd het ek deeltyds gestudeer en 'n personeel-bestuur-kwalilfikasie verwerf.

"Ek is in 1973 met Marcia van Niekerk getroud en ons is geseënd met drie dogters en vyf klein-kinders. Ongelukkig het Marcia my reeds op 19 Mei 2023 ontval."

Lees meer »

BLÊR

# Die Verlore Skapie

deur Martin Schwella

## Dink voor jy mê!

“Die krag ... van lewe en dood ... hmmm ... lê in jou tong,” lees Leon hardop uit die Bybel terwyl hy oor die woorde nadink. Hy steek sy tong uit en kyk nuuskierig daarna.

“Bleh-ah-lee-leh-laaa!” speel hy, en begin lag.

Kort daarna is hy uit by die deur – Leon is op pad na die kerk om te help met die tuin. Hy en Tjoppie gaan vandag vir Oom Varkie bystaan met die instandhouding van die kerkgronde. Oom Varkie staan in vir Jasper, wat met verlof is.
“Lah! Leh! Looooh!” maak Leon geluide met sy tong toe Tjoppie van die anderkant af nader kom.

“Hahaha! Hoezit, my blêr!” groet Tjoppie. “Jy lyk soos ’n verkleurmannetjie!” grap hy.
Leon frons eers, maar besluit dan om self ’n ligte grappie terug te maak.

“Jy lyk soos ’n Lemoen... nee, ’n Lemoen-Pampoen!” sê Leon en lag.

Tjoppie trek sy koppie effens skeef.

“O, né. Nou het jy ook grappies!” sê hy ongemaklik.

By die tuin groet Oom Varkie hulle vrolik.

“Môre, lammers!” sê hy.

“Môre, Oompie!” antwoord hulle in ’n koor.

“Ek hoop julle is reg vir harde werk!”

“Yes, Sir, mister Piggy!” antwoord hulle verspot.

Oom Varkie lig ’n wenkbrou en gee ’n snork.

“Goed, kom ons begin!” sê hy met ’n glimlag.

"Ek gaan die struike snoei, en julle twee kan die takke en blare nader hark en in sakke sit."


"Yes, Sir, mister" begin Leon en Tjoppie weer.

"Varkie-Oom-Sir!" antwoord hulle deurmekaar van die skrik toe Oom Varkie streng kyk. Almal lag lekker saam.
Die oggend verloop in 'n lekker gees, met grappies en gelag terwyl hulle werk. Maar dinge neem 'n ander wending.

"Wikkel jou wolle! Kom, kom!" roep Leon vir Tjoppie.

Tjoppie kyk om en roep terug: "Oh né! Jy met jou takke daar – klap jou vlerke, Supergans!"

Leon staar hom verbaas aan, maar lag dan ongemaklik.




**Luister hier**:
*Blêr | Ek behoort aan Jesus*

**Lees** meer »

# MEDIATEEK

# DINK JOUSELF GELUKKIG

## VERANDER JOU DENKE. VERANDER JOU LEWE.

### Verander jou ingesteldheid en jou lewe verander!

Almal wil gelukkig wees. Geluk beteken beter gesondheid, goeie verhoudings, sukses en selfs 'n langer lewe. Die internasionaal bekende kenner Pieter van Jaarsveld neem jou met hierdie boek op 'n ontdekkingsreis van wat dit beteken om werklik gelukkig te wees.

Aan die hand van Edith Eger se ervaring in die Auschwitz-konsentrasiekamp en Dawid en Goliat se storie illustreer hy hoe jy geluk prakties deel van jou lewe kan maak. Hierdie boek sal jou help om:

- 'n positiewe ingesteldheid te ontwikkel
- jou gedagte aan te pas deur jou brein te herbedraad
- vriendeliker met jouself te praat
- dankbaarheid te kweek
- aangeleerde hulpeloosheid raak te sien en te verander, en om
- jou volle arsenaal van geluk in te span.

Pieter skryf oor dankbaarheid (bl 155):

Dankbaarheid verloop in vier fases. Eerstens, jy erken dat dit goed gaan met jou omdat jy iets ontvang het wat jou gelukkig maak. Tweedens, jy besef jy ervaar hierdie geluk omdat iemand anders vir jou 'n geskenk gegee het, of dit nou 'n ander mens, God of selfs 'n troeteldier is. Dankbaarheid is daarom meer as 'n gevoel; dit is 'n erkenning dat iemand anders doelbewus vir jou iets gegee het om jou bly te maak.

**Lees** meer »




*Geskryf deur*

**Pieter van Jaarsveld**

## MEDIATEEK **INVENTARIS**

*Loer gerus na die volledige inventaris van die NG Kerk Vrystaat Mediateek, Sinodale Kantoor*

Navrae | **Anelia van den Blink**
**kuratorium@ngkvs.co.za**

**BEDIENINGSBEGELEIDING**
Mediateek
*Dr Leon M Foot*

NG Kerk Vrystaat · SCHINK · JONK · CLF Publishers Uitgewers


**R150 per boek**

# Die Verlore Skapie

BLÊR


deur MARTIN SCHWELLA




## Die Verlore Skapie

https://shop.clf.co.za/product/die-verlore-skapie/




## The Lost Little Lamb

https://shop.clf.co.za/product/the-lost-little-lamb

# BOEKE NOU AANLYN TE KOOP

NAVRAE | skakel@ngkvs.co.za

# Journal of Systematic Theology

JOURNAL OF **SYSTEMATIC THEOLOGY** JST



VOLUME THREE | ISSUE FIVE

***On Theology and Video Games***
*July 1, 2024*
*BY* ***FRANK G. BOSMAN***

*LATEST* ***ARTICLES***

*JST* ***VIDEOS***

***The Journal of Systematic Theology (JST)*** *publishes academic articles within the field of Systematic Theology, and the intersections of Theology and Philosophy, Hermeneutics, Literature, and the Arts.*

THEOLOGY AND RELIGION
TEOLOGIE EN RELIGIE

Nagraadse Studies

# Digitale Bediening

Inspiring excellence. Transforming lives.



**Dr Lyzette Hoffman**
*Dekaanskantoor: Fakulteit Teologie en Religie, UV*

VISION 130 Renew and Reimagine for 2034 | UFS Theology and Religion

## Teologie, toeganklik vir almal

Die dosente aan die Fakulteit Teologie en Religie is op verskillende wyses betrokke in die samelewing. Sommige as leraars in gemeentes, of met private spreekkamers vir pastorale berading. Ander doen navorsing vir die Algemene Sinode of is betrokke by projekte soos prof Henco van der Westhuizen en Digitale Bediening. Deur die werk van die Digitale Bediening probeer ons as kerk op kreatiewe en toeganklike maniere gesprekke oor geloof en teologie na 'n wyer gehoor bring – nie net na akademici nie, maar ook na dominees, lidmate, jongmense en selfs kinders.

Een van ons belangrikste projekte is 'n nuwe, toeganklike aanlyn **tydskrif**:

Besoek JST Webtuiste
journalofsystematictheology.com

Hierdie **tydskrif** wil predikante in die NG Kerk, maar ook enige belangstellendes in die teologie, help om op hoogte te bly van belangrike temas en gesprekke in Sistematiese Teologie. Op die **webblad** vind jy artikels deur Suid-Afrikaanse teoloë oor onderwerpe soos:

- Die taak van Christelike Teologie
- Teologie en die Bybel
- Teologie en Hermeneutiek
- Teologie en Belydenisskrifte
- Trinitariese Teologie
- Skeppingsleer
- Hamartiologie (leer oor sonde)
- Soteriologie (leer oor verlossing)
- Die Nagmaal
- Eskatologie
- Teologiese Estetika
- Gestremdheid en Teologie
- Eko-teologie
- Bevrydingsteologie
- Filosofiese Teologie
- Politieke Teologie
- Teologie en Wetenskap
- Teologie en Apartheid
- Teologie en Grond
- Teologie en Spiritualiteit
- Teologie en Ervaring

**Lees** meer »

# VERJAARSDAE




ngkerkvrystaat.co.za

Wense van voorspoed, God se seëninge en genade vir die nuwe lewensjaar.

**MEI**

| | | |
|---|---|---|
| 19 | Ds Ronel Coertzen | FOURIESBURG |
| 20 | Ds Etienne Nolte | CLOCOLAN |
| 21 | Ds Braam van Zyl | HEILBRON |
| 22 | Mev Helena Smit | SINODALE KANTOOR |



# Wêreld-trekvoëldag

**BEDIENINGSBEGELEIDING**
Ekologie Netwerk
*Mariëtte Odendaal*

## Beskerm ons migrerende voëls

**Wêreld-trekvoëldag (*World Migratory Bird Day*) is 'n jaarlikse veldtog wat vanjaar op Saterdag 10 Mei gevier word en bewusmaking bevorder oor die beskerming van migrerende voëls en hul habitats wêreldwyd.**

Ons almal ken die oggendvrolikheid van voëltjies soggens douvoordag. Die gekoer en getjirp laat jou glimlag nog voordat jy opstaan om jou dag te begin. Een van ons mees geliefde voëltjies in Suid-Afrika is die swaeltjie wat met die ywerige bou van sy kunstige moddernessie jou verstom laat staan. Hulle is ook een van die spesies wat jaarliks na die Noordelike Halfrond migreer.

Wêreld-trekvoëldag (*World Migratory Bird Day*) is 'n jaarlikse veldtog wat vanjaar op Saterdag 10 Mei gevier word en bewusmaking bevorder oor die beskerming van migrerende voëls en hul habitats wêreldwyd. Vanjaar se tema is "Voëls verbind ons wêreld" (*Birds Connect Our World*), wat die belangrikheid van ekologiese verbindings en netwerke beklemtoon wat noodsaaklik is vir die oorlewing en welsyn van migrerende voëls.

**Lees** hier »




**Bederf jou ma hierdié moedersdag**

Wys jou waardering vir 'n moederfiguur in jou lewe deur die geskenk van stiltetyd aan hulle te gee. Deel inspirerende stories van vroue uit die Bybel met haar! Gee haar geloofleefstylboeke wat alledaagse aanbidding herdink.




**Wil jy jouself beter leer ken in Christus?**

*Geskep vir meer*, die nuwe boek deur Johan Botha, sal jou help om jou ware identiteit in Jesus Christus te ontdek.

## Erediensbywoning


In die onlangse jare het die wêreld 'n al kleiner plek geword. Tendense in Europa en Amerika is al hoe meer net so waar in SA. Daarom is 'n artikel van Thom Rainer oor kerkbywoning in Amerika net so relevant vir ons. Rainer se navorsing vergelyk erediensbywoning in 2024 met dieselfde data van 2008 – sestien jaar vroeër. So lyk die syfers:

| Erediensbywoning | 2008 | 2024 |
|---|---|---|
| Weekliks | 31% | 25% |
| Maandeliks | 10% | 7% |
| Jaarliks | 16% | 13% |
| Selde | 24% | 21% |
| Nooit | 20% | 34% |




**Hoe lyk ons syfers?**






**PROGRAMME**

*Registration for the Nicaea conference is now officially open. This event will take place from* ***19 - 21 May at the Faculty of Theology of Stellenbosch University****. This gathering commemorates the 1700th anniversary of the First Council of Nicaea and the ongoing significance of the Creed that bears the Council's name.*



## PINKSTERREEKS 2025

# NAGEDINK OOR NICEA

*CHRIS WYERS*

## 1700 JAAR SEDERT NICEA-BELYDENIS

LAAI **PINKSTERREEKS** AF

Dis 1700 jaar sedert die opstel van die Geloofsbelydenis van Nicea, wat die wettiging van Christenskap in die Romeinse Ryk onder Keiser Konstantyn verteenwoordig.

Chris Wyers het 'n spesiale Pinksterreeks vir CLF saamgestel. Daar word gekyk na verskillende aspekte van die belydenis en gevra wat dit vir ons as gelowiges vandag beteken.

Vanaf Pinkstersondag, 1 Junie, is daar daagliks 'n toepaslike Skrifgedeelte, liturgiese voorstelle, vrae oor die teks om oor na te dink en in kleingroepe te deel, sake om oor te bid en aktiwiteite om te doen.

*(Oorgeneem uit VrydagNuus, Kaapkerk)*


Gelukkige Moedersd
"As sy praat, is dit met wysheid; as sy leiding gee, is dit met liefde. Sy hou goeie toesig oor haar huishouding; lui is sy nie. Haar kinders prys haar, haar man bewonder haar: "Daar is baie knap vrouens, maar jy oortref hulle almal!" Uiterlike skoonheid hou nie, 'n mooi voorkoms is nie alles nie; as sy die Here dien, dán verdien 'n vrou om geprys te word." Spreuke 31:26-30
Stil-weg
In die spore van die Herder


Pastel - opleiding
R4000 p.p
Klasse van 2 ure elk sal oor 10 weke weekliks aangebied word by NG kerk Berg en Dal.
Sage Pa
Accoun
rsus sluit nie evaluering nie. Geen sertifikaat sal gereik word nie.
ns nooi graag alle belangstellendes om die Pastelkursus, aangebi ur Christo Hurter, dosent by die Sentrale Universiteit van Tegnolog ystaat wat spesialiseer in Rekeningkundige Sagteware te deurloo t is belangerik dat elke kursusganger oor 'n skootrekenaar besk ekeningkundige en of besigheidservaring is aan te beveel. ternet fasiliteite sal voorsien word.
Indien jy die assessering wil aflê en 'n sertifikaat bekom, moet 'n handleiding vanaf Sage aangeko teen 'n ekstra R 1100 wat dan ook die aanlyn-asse sal insluit.


RANJE INSTITUUT VIR BUITENGEWONE O
Tel: 076 143 6961 E-pos: info@toibo.org.
www.toibo.org.za
INTERHART VA
HOOP
kruip nader en
waarheid is dat
s gehelp moet
warm klere sodat
skoolgaan.
ntdonasie of
an winter-
skoene, musse,
handskoene kan
s in die
e verseker.
K 020 840 145
Matt


PROJEK VAN
HOOP 2025
novus media
Engo
EVOl
STAAN 'N KANS
TE WE
RENAULT KWID CL
KWID
WWW.ENGO.CO.ZA | 060 548 5543


MEESTERSTUK 4 KON
16 & 17 Mei 2025
LEOPARDS AND LACE
vanaf 17:30
BOER KRY S
R290
Engo


EKAL KINDERHUIS GHOLF
Silver Lakes Country Club, Pretoria
11h00 Vrydag 23 Me
START 4-BALL ALLIANCE
HALFWAY & DINNER
4-ball



IN VOORRAA
Afrikaans 1933/1953
NASLAANBYBEL
40% AFSLAG
R192
WAS R320
Afrikaans 1983
SAGTEBAND
R164
ELK*
R792
R359
www.bibleshop.co.
www.bybelgenootskap.co.za
bybelgenootskap van suid-afrika


Tot
50%
afslag
Familie-gunstelinge
DIE BYBEL
BIBLE
BYBELUITVERKOPING
SPESIALE AANBIEDINGE GELDIG VANAF 1-30 MEI 2025
www.bibleshop.co.za


slaan af vir bybels
Bybelgenootskap
van Suid-Afrika
GHOLFDAG
Ons Gholfdag vind plaas by die Toti Gholfbaan
Datum: Woensdag 9 Julie 2025
Afslaantyd: 09:00
Koste: R3 000 per vierbal: Sluit in baanfooie, karretjies, aandete en prysuitdeling
Formaat: Vierbal Alliansie - twee tellings om te geld
Nieamptelike voorgee: 18
Vir meer inligting, kontak Hermien by cilliers@biblesociety.co.za of 031 207 4933

# Aan U kom lof toe...

## 'n Saam-lees van Pous Francis se Laudato Si'





**Woensdae,**

**11, 18 & 25 Junie 2025**

**13h00 – 14h00 (aanlyn)**

VBO
VOORTGESETTE BEDIENINGSONTWIKKELING

# OPLEIDINGSGELEENTHEDE





## DIE KERK WERK ANDERS, WANT KERK IS ANDERS

21 - 22 Mei 2025

20 VBO-punte

R300 p/p
Aanlyn webinaar
Prof Johan vd Merwe

Lees meer +
**Registreer** +




## PATOS ONTMOETING MET HEILIGES

22 Mei 2025

VBO-punte

13:00 - 14:00
Aanlyn Teams
Dr Lisel Joubert

Lees meer +
**Registreer** +




## EVALUERING: 'THE END OF MENTAL ILLNESS'

10 Junie 2025

5 VBO-punte

R275 p/p
Zoom aanbieding
Prof Wentzel Coetzer

Lees meer +
**Registreer** +



## SPELTERAPIE VIR PREDIKANTE

28 - 30 Julie 2025

30 VBO-punte

R500 p/p
In persoon
NG Fontainebleau

Lees meer +
**Registreer** +

# ‘N UITNODIGING TOT STILTE

*vir jou*




hier sal die stilte jou vind en jou help om weer te hoor

**JULIE | 27-29 | 2025**

verblyf | etes
begeleide en onbegeleide tye vir stilword
persoonlike gesprek
vryheid om in die vlaktes in te stap

**KONTAK DS LOUWRENS SCHEEPERS 072 115 0057**

# KERKNUUS EN PUBLIKASIES

KERKBODE BROKKIES | PUBLIKASIES

kerkbode BROKKIES

Kollig
Luister nou

Ondersteun Kerkbode
Maak 'n donasie



**Cas Wepener**
Wat die nagmaal ons oor kerkeenheid leer: Breek die brood, nie die kerk nie

*8 Mei 2025*
*Kerkbode*
*Rubrieke*



Coenie se moets en moenies: Hoe om 'n onderhoudende onderhoud te voer

*7 Mei 2025*
*Le Roux Schoeman*
*Artikels*



Die ABC van Diakonaat: Gelowiges dink nuut oor kerk se werk

*6 Mei 2025*
*Le Roux Schoeman*
*Artikels*



**ELDERS GESIEN**
Nuwe perspektiewe klink op toe dié saamtrek vir die eerste keer buite Europa plaasvind

*2 Mei 2025*
*Kerkbode*
*Nuus*




**PODSENDING**
Boeke, geloof en 'n prysfonds wat hulle 'net wyer wil span' – Bettina Wyngaard pyn

*2 Mei 2025*
*Kerkbode*
*Luister*



Cas Vos wen Andrew Murray-prys + ander wenners vir 2025 bekend


*29 April 2025*
*Kerkbode*
*Boeke*

Google Play kerkbode.christians.co.za App Store

CLF PUBLISHERS UITGEWERS

*Oorgeneem uit shop.clf.co.za*


**PAMFLETTE**




**R350**

## Diaconia

*In the heart of South Africa's dynamic and diverse society: "DIACONIA – Acts, understandings, and stories of service in a pluralistic South Africa" delves into the church's call to serve amidst deep-seated socio-economic, political, and historical challenges. This book explores diaconia – Christian service – as a transformative force addressing poverty, inequality, social exclusion, corruption, and environmental crises. It does so through a rich tapestry of theological reflections, empirical studies, and real-life narratives that illuminate the power of faith-driven engagement.*




**R50**

## Sê dit in isiXhosa Yitsho ngesiXhosa

### *Leer isiXhosa stap-vir-stap*

Die lesse in hierdie boek is 'n inleiding tot die lees, skryf en praat van isiXhosa. Dit is ongekompliseerd en prakties. Destyds, 55 jaar gelede in Cala in die Transkei, was Koos Oosthuysen se boekie *Leer Self Xhosa* my onontbeerlike toegang tot die wêreld van die amaXhosa. In die begin het ek saam met 'n tolk tussen die mense beweeg en saans het ek aan die hand van daardie boekie iets van hierdie isiNguni-taal se grammatikale struktuur probeer verstaan. Na nege maande het ek my eerste eenvoudige preek in gebrekkige isiXhosa gelewer aan kindertjies in 'n tent op die Ncorha-vlakte.




**R50**

## *Sê "JA!" vir versoening*

Toe die Nuwe Suid-Afrika gebore is, was ons verwonderd oor die glans van die reënboognasie: ons het entoesiasties gesels oor al die verhale van versoening, oor die Suid-Afrikaanse wonderwerk! Maar nou, twintig jaar later, lyk dit of die kleure van die reënboog aan die verdof is. Daarom is hierdie boek van soveel belang. Met aangrypende, ware verhale word ons oortuig: versoening is noodsaaklik en moontlik. Want vir die versoening tussen mens en God, die vrede binne ons, die vrede tussen mense en die omvattende vrede wat die aarde en ganse skepping insluit, daarvoor het Christus sy lewe gegee.

# WAT'S NUUS?

KALENDER | VAKATURES | AFLOSLERAARS | PREDIKANTENUUS

NG Kerk Vrystaat

## Gemeentegebeure

Kalender | Belangrike datums

**KALENDER**

skakel@ngkvs.co.za
Adverteer hier

**VAKATURES**

**AFLOS**

kerkbode

## Interaktiewe Dagboek

Deel jou dagboek hier

**DAGBOEK**

woes@mweb.co.za
023 342 6030

**VAKATURES**

**AMPTELIK**

## VRYSTAAT PREDIKANTENUUS

### UITNODIGING NA DIE BEVESTIGING VAN DS WOUTER VAN VELDEN

Die kerkraad van NG Gemeente Bloemfontein-Wes nooi u hartlik uit na die bevestigingsdiens van **Ds Wouter van Velden op Sondag 11 Mei 2025 om 10:00 by die NG Gemeente Bloemfontein-Wes** te Walter Sisuluweg 8, Willows, Bloemfontein.

**RSVP voor Vrydag 9 Mei om 09:00** deur vir Claudette te skakel of deur 'n WhatsApp te stuur na **060 720 4643**.

Ná afloop van die diens is u welkom om gesellig saam met ons te kuier in die Kopanong-saal. Ons sien daarna uit om hierdie spesiale geleentheid saam met u te vier.

## ANDER SINODALESTREKE SE NUUS

# Onthou om te onthou ...

**ALGEMEEN**
NG Gemeente Senekal-Noord
*Ds Adrie Potgieter*



**Foto:** *Ds Adrie Potgieter (verskaf)*

*"Dit is om God te onthou ..."*

Daar is 'n bekende ou liedjie met die refrein: *"Onthou om te onthou ... vergeet om te vergeet"*.

Dit is 'n liefdesliedjie, maar kon net sowel 'n gesang of 'n psalm gewees het.

Dit verwoord immers wat baie van ons gesange en psalms probeer doen – dit herinner ons daaraan om te onthou. Dikwels in die Bybel wanneer mense die gevaar loop om hulle geloof te verloor, word hulle aangemoedig om te onthou. Om die herinnering aan God se dade in hulle lewe, ook aan sy beloftes vir die toekoms, wakker en lewendig te hou.

Dink maar net aan die boek Deuteronomium, waar die Israeliete meermale opgeroep word om te onthou. Ook later, ná Jesus se dood, toe die vroue hartseer en met dowwe oë by die graf opgedaag het, word hulle meegedeel: *"Hy is nie hier nie. Hy is uit die dood opgewek. Onthou hoe Hy met julle gepraat het ..."* (Lukas 24:6-7).

En dan lees ons: *"Toe het hulle sy woorde onthou en van die graf af teruggegaan en al hierdie dinge vir die elf en al die ander vertel"* (Lukas 24:8-9).

Wat daarna volg, is dat hulle met nuwe geloof, entoesiasme en – so kan 'n mens jou amper voorstel – met verwondering, doelgerig, alles gaan vertel wat hulle gesien en beleef het. Ook hoe dit alles skielik sin gemaak en geklop het met die woorde en beloftes wat Jesus self vroeër aan hulle gegee het.

Net so is ons vandag 'n onthou-kerk wat terugkyk op jare se genade. Onthou behoort tot die kern van ons geloof en denke oor God.

**Lees** meer »



# KONTAK ONS

## REDAKSIE

### SAMESTELLERS

Celicia McLean (Redakteur), **cmclean@ngkvs.co.za**
Carlie Niehaus, **carlie@ngkvs.co.za**

### LUISTER-ARTIKELS

Mariëtte Odendaal, Mediadiensverskaffer
Revoicer (TTS)

### PROEFLESERS

Lisma Liebenberg
Cecilia Steynberg
Magdaleen du Toit

# NUUSGEBEURE INLIGTING BYDRAES

**voor 12:00 Dinsdae**
na cmclean@ngkvs.co.za

NG Kerk Vrystaat

Teken in op **VRYPOS**
Kanselleer **VRYPOS**

**NG KERK VRYSTAAT**
Departement Kommunikasie en Bemarking
**051 406 6700 (k)** | **072 151 9799 (s)**
**skakel@ngkvs.co.za**

ngkerkvrystaat.co.za

Van Heerdenweg 20, Wilgehof, Bfn 9301
Posbus 11412, Universitas 9321

© 2025 NG Kerk Vrystaat | **VRYWARING**




**GRAAD 8-12 KAMP**

**4-9 Oktober 2025**

**MOOIGENOEG**
**KAMPTERREIN BUITE**
**BLOEMFONTEIN**

*Mooigenoeg*

# TIENERKAMP

## WAT OM TE VERWAG?

Kom sluit aan by ons inspirerende Christelike Tienerkamp vir graad 8–12! Begin jou dag met Geesvervulde oggendstiltetyd in die pragtige natuurskoon waar jy met die Here kan connect. Geniet lekker koffieshop-kuiers, snoepie en etes saam met vriende oud en nuut.
Ontdek 'n dieper geloof en neem deel aan dinamiese groepsbesprekings wat handel oor verskeie tema's. Geniet die middag gevul met opwindende aktiwiteite en bou kosbare lewenslange vriendskappe. Sluit die die dag af saam met die praise & worship span en inspirerende sprekers. Sien jou daar!!

## WAT MOET EK WEET?

**Wat kos dit?** R1 350 PER PERSOON

**Kontak ons vir meer info:** KERKKANTOOR: 051 448 1419
DS.TANO BONGERS: 072 1765 092

**NG KERK VRYSTAAT** | **© 2025**

Departement
KOMMUNIKASIE EN BEMARKING